Daarna het Dr. Eugene Weinberg almal welkom geheet en ook almal bedank wat gehelp het met die reëlings. Mr. Collier het die geleentheid geopen met 'n tafel gebed.



Western Province Caterers het vir ons 'n heerlike maaltyd voorgesit terwyl ons gesellig gekuier het.

Na afloop van die geleentheid was daar vir elke gas 'n verrassingspakkie uitgedeel wat geskenk is deur die HOOP/BOKRADIO gemeenskaps projek.

Almal het die dag baie geniet en die feesseisoen is behoorlik in elkeen se hart gelaat.









# GASH/MARYPORT CHRISTMAS LUNCH

Mrs. J McKinnon

Wednesday 7<sup>th</sup> December, residents were treated to a Christmas lunch at Oosterzee. The entertainment was the Tygerberg Men's Choir. Trundling up the path to Oosterzee, Helmi-en van Eyssen and I came across a group of guys laughing and talking. They introduced themselves as the Tygerberg Men's Choir and swept courtly bows to the two of us. As we entered the foyer, we were offered orange juice or sherry. Helmien opted for orange juice, and I took the sherry. My excuse is genuine, I am allergic to orange juice, and I only had to drive my stroller back down to Bow Bells where hopefully no traffic cops lurked.

The giant Xmas tree glittered and sparkled, many thanks to Annemie and Frans for all their hard work decorating it. The tables looked festive with snow white tablecloths, white, brown and white spotted serviettes, and bottles of Appletizer. The Choir arrived, formed in 2008; their repertoire consists of Afrikaans and English songs. They sang a variety of Christmas carols, a joy to listen too. Many residents did sing-along, smiling from ear to ear. The enthusiastic applause at the end was well deserved.









Starters arrived, a beautifully plated helping of mock crayfish, on lettuce, a slice of avocado and half a roman tomato, all delicious. We were a bit worried as Lettie Koch at our table is allergic to fish so the staff by passed her. Kudus to the staff, she was not forgotten. They arrived with a beautifully plated alternative, chicken mayo. The mains were a good helping, plates loaded with slices of roast beef, chicken rolls filled with spinach, savoury rice, roast spuds, creamed cauliflower, and tender tiny carrots. One of the clues to a successful meal is the amount of chatter whilst tucking in, there was dead silence, everyone was too busy enjoying all the flavours to waste time nattering. Lettie and I don't have a sweet tooth but were over the moon with the Pavlova dessert which lived up to its namesake, the famous Russian ballerina, Anna Pavlova, light and airy. We demolished all the crispy delicate meringue, creamy centre, and assortment of fresh fruit.

Then it was time to go back to Bow Bells. Ancolet asked us if we enjoyed ourselves as we left, our answer was "vet gevreet", sated and happy. Helmien and I forced ourselves to take the longer path home past the swimming pool to walk off a tad of what we enjoyed so much. Many, many thanks to the admin, catering and serving staff, it was such a special treat. So many residents find this time of the year hard to bear, having lost loved ones, or having no family close enough to visit. This was more than a luncheon; it was part of the huge family of George and Annie Starck getting together to celebrate friendship and love.









# KINDER-KERSPARTY

Mnr. F Swanepoel

Onder die majestuese kersboom in die voorportaal van Oosterzee het die tradisionele kerspartyjie vir die inwoners van George en Annie Starck Homes weer plaasgevind. 'n Idilliese omgewing is daarvoor geskep deur die keurige kersboom en die geskenksakke waarin ouers en grootouers geskenkies vir hulle kinders kon plaas, met die opwagting van 'n kersvader.

To entertain the lively and precious gems, there was a joyful programme presented to them. Our Staff gladly put in a lot of effort to make this event an enjoyable experience for the children.

First it was the SPCA 's performance. The children took their seats on the floor in front of the Christmas tree. The SPCA had a puppet show of dogs and cats. The children attentively listened to their message as to always take good care of and love their pets.

Daarna het die kulkunstenaar die kinders vermaak....en uit die gelag en geskree en spontane meelewing het hy dit beslis verdien. Dit was so opmerklik hoe kinders ook vreugde aan hul ouers en grootouers kon bring.

Toe het Annemie die hoogtepunt van die dag aangekondig dat daar 'n werklike kersvader gaan opdaag.





The children were swept up to call for Santa Claus- louder and louder their voices raised. At last came the “HO,HO,HO” – all looked around. They saw him and yelling “there he is”. In his full outfit he appeared on the top of the stairs of Oosterzee and came majestically down the steps. The children and even the parents and grandparents were cheering “Father Christmas”- totally overwhelmed by his appearance.

Eventually Father Christmas sat down in his chair alongside the impressive Christmas tree. He spoke a few words of kindness to the children- what Christmas was all about. Then the presents were delivered from the Christmas bags. Each child got a big hug from Santa after their presents was given to them. Parents and grandparents shared in their joy.

The party ended when each child received a surprize packet of sweets and a cupcake. Parents enjoyed a cup of tea and refreshments.

Without mentioning the names of the staff members of George and Annie Starck Homes who were involved in creating and fulfilling the festive mood, the resident’s extent appreciation to all of them for their input in this regard. Dit word beslis raakgesien en waardeer. Ons hoop om dit volgende jaar weer te ervaar.





# TOTSIENS, MAAR NIE VAARWEL!

Mev. E Jackson

Hi almal

Weet nie of dit die laaste of die 2de laaste hoofstuk in my lewe is nie.

1 April 1994 het ek begin werk by GASH. Daardie dag het ek die wonderlikste kollega ontmoet. Die een was so vriendelik en behulpsaam soos die ander en ek het onmiddellik tuis gevoel. Ek onthou nog Mnr Honing het gese as jy 10 jaar hier kan uithou kan jy 30 jaar ook maak, maar ongelukkig moet ek GASH 28jaar en 9 maande later verlaat. Ek het gesien hoe GASH gegroei het in die tyd agv goeie bestuur en samewerking. Ons het almal soos n span saamgewerk. Daar was nie iets soos dissiplinêre verhore of waarskuwings geteken nie. Ek praat van toe Mnr Honing en Sr Spiller hier was. As hulle n problem gehad het was die skuldige party of partye ingeroep en die probleem was daar en dan uitgesorteer, jy het gegroet en daar was geen kwade gevoelens agterna nie.

Maar kom ek se eers ietsie van elkeen: Ek het begin werk by Mnr Honing-Hy was streng maar opreg. Jy kon enige tyd in die dag of nag vir hom skakel met n problem en hy was daar vir ieder en elk. Hy het almal op die gronde geken asook hul kinders en hul name. Toe hy aftree het Mev Bastiaanse oorgeneem. Sy was eers boekhoudster, toe HR en toe bestuurder. Almal het groot respek vir haar gehad. Toe sy aftree het Mev Snyman gekom, die vriendelikheid self, sy lag altyd.

Die matrons was eers Sr Geerts, wat n inwoner was by Mary Port toe ek hier gekom het. Dit het begin by Sr Spiller- al die pad van die UK. Sy was n dierbare Engelse dame wat baie lief was vir die inwoners en die personeel. Het elke oggend eers vir almal kom groet in Mary Port asook in die middag. Enige probleme gedurende die dag dan het sy 16h00 gekom en gesê, "Let's take five" dan het jy geweet nou gaan daardie probleem gou opgelos word met n koppie koffie en n sigaret in die teekamer. Na Sr Spiller was dit Sr Cloete, sy was n kwaai Duitse dame. Jy moes heelyd oor jou skouer loer. Jy was gedurig in die moeilikheid en toe begin die waarskuwings se geteken. Sy kom steeds inwoners besoek en wys steeds foute uit. Na haar was dit Sr Pearse, ook streng maar met haar kon jy grappies maak en jy het geweet sy is in beheer en respek gehad vir haar. Nou is dit Sr De Villiers-saggeaard en nie kwaai genoeg nie. Altyd daar om te help-bly besig dag en nag. Weet nie wanneer sy ooit slaap nie. Jy kan haar laat in die aand bel dan is sy steeds besig om te werk.





Die huise het almal Huismoeders gehad en party het ook Huisvaders gehad. Party was baie aangenaam maar een of twee nie. Hannie en Berta het kompeteer met die bakkerie, toe kom Hinza by wat n bobaas-bakster was by Goodwood skou elke jaar en hulle het glad nie daarvan gehou nie.

Mary Port-groot veranderinge binne-5bed saal, was eers n eetkamer. Eerste 2 kamers langs haarsalon was ook n eetkamer. Huidige eetkamer was 2 dubbelkamers met n stoep. Aktiwiteitskamer was Sr Geerts se woonstel. 3 dubbelkamers by C-Seksie was Sr Spiller se woonstel. B en res van C-Seksie asook die verpleegsters se teekamer en ook die Laundry was kamers waar personeel ingewoon het totdat hulle "gestrike" het in 1999. Die kombuis se kantoor en Sr teekamer was die personeel se teekamer. Gedeelte waar al die trollies is en waar die skottelgoed gewas word was die Laundry. Nurses toilet en Surgery was die lockers vir die personeel.

So het Pinewood en Starckwoods ook bygekome en al hoe meer inwoners in Mary Port, wat meeste van die tyd nie groot genoeg is nie. Intussen was die gronde wat Goedgegacht op gebou is verkoop aan Communicare. Daar het ons die lekkerste vye gepluk vir ontbyt vir die inwoners. Starckwood se woonstelle is gebou en so het die familie al hoe groter geword op die gronde en die sekuriteit al hoe meer. Ons het nie so baie te doen gehad met Starckwood se inwoners nie, maar met tyd het ek omtrent 90% geken. Intussen het baie nuwe inwoners bygekome en ek het in n ander afdeling gewerk en kontak verloor. Nou is daar so baie vreemde gesigte wat ek glad nie ken nie.

Nou so bietjie van myself: Ek het my opleiding by Rooikruis-kinderhospitaal tesame met Groote Schuur hospital gekry. Daar het ek sewe jaar gewerk waarvan ek twee jaar die hoofverpleegster was. Daarna is ek na Paarl hospitaal om die oorbruggingskursus te doen en halfpad het ek besluit om te trou toe hou ek op om te verpleeg. Net mooi n jaar na my troue het ek en my man besluit om in besigheid te gaan in Tulbagh waar ek ook grootgeword het. Drie jaar later het ons oorgegaan in die hotelbedryf. Na ses jaar in die bedryf het ons genoeg gehad toe gaan ek terug in verpleging en op daardie stadium het ons 4 kinders gehad. Ek het eers by Andre van der Walt begin toe daarvandaan na GASH toe.





In Desember 1999 is my man oorlede . Ek het soveel hulp en ondersteuning van almal by die werk gekry dat n dankie was nie eers genoeg nie en dus is ek vir almal ewig dankbaar. In 2001 het my dogter ernstig siek geword en weereens was almal daar vir my. Ek het haar ook amper verloor en sy was maar net 14jaar oud. Ek het nie geweet dat my kind n ernstige hartprobleem gehad het nie totdat sy n hartstilstand gekry het. Vandag is sy 36 jaar oud met n pragtige seuntjie.

Met die inwoners wat ek oor die jare onrmoet het, het ek baie geleer. Daar was die oulikste mense. Ek wil nie uitsonderings maak nie, maar Mnr Knipe het altyd op die stoep gesit en pyp rook en die tabak ruik sal ek nooit vergeet nie. Ek het ook die voorreg gehad om die twee Starck kinders te ontmoet. Hulle het al om 'n jaar kom kuier.

Aan al my kollegas wil ek net baie dankie se vir jare se saamwerk of julle nog hier is of nie. Ons het saam gelag en soms saam gehuil. Ons het kollegas verloor en baie van julle het babas bygekry. Dit was n voorreg om een en elk van julle te ken en ek het lekker saam met almal gewerk. Hou Starck Homes se naam hoog en loop 'n ekstra myl as jy dit nog nie gedoen het nie, dis nou die tyd. Moenie dit doen vir vergoeding nie maar doen dit vir jouself.

En laaste maar nie die minste nie, die inwoners wat altyd gereed was met n grappie of dit nou n stout grappie was vir julle wil ek ook baie dankie sê. Elkeen van julle het bygedra tot my salaris elke maand. Ek gaan een en elk van julle baie mis maar ek sal wel kom kuier.

Abri en die tuinmanne & verwers-Baie dankie vir julle harde werk. Ek het dit opreg waardeer.

Aan die kombuis wat altyd regstaan vir almal met kritieke en komplimente, aan julle ook baie dankie.

Die Laundry-Julle het nie aldag n lekker werk nie, maar julle word waardeer vir wat julle doen.

Baie liefde aan almal  
Esbe Jackson









# BREIGROEP

Mev. E Bester





Ons breigroep gaan van krag tot krag. Daar het nog 'n aantal inwoners by ons aangesluit. Elkeen is besig met brei, hekel en borduurwerk waarvan hulle hou of van hul keuse.

One of our new ladies is even doing embroidery and we all learn from one another. We also enjoy the togetherness and are still busy with our Bless a Baby project. During July, just before Mandela Day, we handed some 50 baby jackets, beanies and bootees as well as baby blankets to them.

Ons groep het ook kniekomersies wat ons gemaak het, vir die inwoners van Kenilworth-huis geskenk.

We got a donation of wool from a wool factory which help us a lot to be able to make all these articles.

Thank you everybody for coming to our group activity on Tuesdays as this means a lot to everyone attending. Sometimes it is more socialising than knitting. Everybody is wellcome to join us, the more the merrier. We also want to thank the kitchen staff for serving tea and cookies/rusks every week.





# GASH WORD 'N SKOOLTAAK

Mev. E Bester

My kleinkinders, Christiaan Bester van Genè Louw Laerskool en Anetè van der Merwe van Bellpark Laerskool moes 'n taak/mondeling opdrag doen oor 'n aftreeoord en moes die plek gaan besoek. Hulle het toe op George en Annie Starck aftreeoord besluit.

Hulle het die inligting oor die ontstaan en die bedrywighede baie interessant gevind asook hul geselsies met van die personeel en inwoners. Hulle het dit baie geniet om fotos te neem en die pragtige tuine en mooi geboue, veral Oosterzee Huis met al die antieke meubels te kon sien. Christiaan het die terapie-honde baie geniet omdat hy baie lief vir diere is.

Hulle het baie goeie punte behaal vir hul voorleggings. Ek wil net baie dankie sê vir die voorreg wat hulle gehad het om George en Annie Starck Aftreeoord te kon besoek en belewe.





# DITTE, DATTE EN DINGELINGE

6 September 2022



**LelanilouwAudiology is at Bellville Library.**

26m · Cape Town, Western Cape · 🌐

Geseënde praatjie oor die verhouding tussen gehoorverlies en Dementia, by Bellville Biblioteek!



**Michael Simons,  
Algemene Assistent  
se trotse handewerk**



**Bianca du Plooy  
Financial Manager**

## Senior Oggend, 27 Oktober 2022, D.F. Malan Hoërskool








# SOPHIA

Die nuutste toevoeging tot die GASH familie is Sophia. Ons pragtige Labrador!

Sy word touwys gemaak deur Tielman en Buddy - 'n formidabele kombinasie! Ons vrywillige inwoners hou haar geselskap deur die dag en neem haar na verskillende huise waar sy elkeen persoonlik kan ontmoet en leer hoe om 'n werklike terapiehond te word.

Na 'n besige dag gaan sy na Maryport waar sy baie liefde en aandag kry en heerlik kan rus tot haar volgende les!

Sy is baie liefdevol en ons glo sy gaan 'n waardevolle toevoeging wees!





# ROOMS/LIFE RIGHT UNITS

Mev. A. Swanepoel and Mr. S. Roos

## ASSISTED LIVING AVAILABLE ROOMS:

TROVATO  
RUVEE  
OOSTERZEE  
THE BARN  
BON ACCORD  
BOW BELLS  
LIDCOTE

CONTACT ANNEMIE  
021 948 1844 EXT. 243

## LIFERIGHTS

CONTACT SCHOEMAN  
021 948 1844 EXT.104



**LIFE RIGHT UNITS STARTING FROM R1.4MILLION  
NO TRANSFER FEES OR REGISTRATION COST**



## 2023 OPENDAYS

**1 FEBRUARY  
1 MARCH  
5 APRIL  
3 MAY  
7 JUNE  
5 JULY  
2 AUGUST  
6 SEPTEMBER  
4 OCTOBER**

Contact us for more information about our rooms available in assisted living and frailcare.

**Services we offer:**

- ✓ Security Services
- ✓ Garden Services
- ✓ Emergency response from our nursing component
- ✓ Hair dresser on the property
- ✓ Various Activities
- ✓ Maintenance outside of the building
- ✓ Water
- ✓ Insurance of the building
- ✓ Meals available on order



# RECIPE: CHUTNEY CHICKEN

Mr. D Beukes



**Serves 4-6**

## Ingredients

6-8 chicken pieces  
3 medium potatoes peeled and quartered  
Salt and freshly ground pepper to taste  
Chicken seasoning to taste  
45g packet brown onion soup powder  
125ml mayonnaise  
125ml chutney  
375ml cold water

## Method

Preheat oven at 180°C.

Arrange chicken pieces and potatoes in an ovenproof dish with a lid.

Sprinkle with salt, pepper and chicken seasoning to taste. Mix the remaining ingredients until well blended and pour over the chicken and potatoes.

Cover with the lid (or aluminium foil, shiny side inside) and bake for about 1 hour and 30 minutes.

Remove lid or foil 30 minutes before the end of baking time to allow chicken to brown.

Baste the chicken and potatoes with the sauce.





# INSPIRATION

*As we grow older,*

real beauty travels from the face to the heart. Appeal turns to charm, hurt to wisdom, and great moments to shared memories.

The true beauty of life is not how happy you are now, but how happy others are because of you.

Unknown / Power of Words 



Your soul is attracted to people the same way flowers are attracted to the sun. Surround yourself only with those who want to see you grow.

- Pavana

@MASTERINGLAWOFATTRACTION

"GREAT THINGS HAPPEN TO THOSE WHO DON'T STOP BELIEVING, TRYING, LEARNING, AND BEING GRATEFUL."

- Roy T. Bennett

**THOSE WE LOVE DON'T GO AWAY...  
THEY WALK BESIDE US EVERYDAY.**

**UNSEEN, UNHEARD, BUT ALWAYS NEAR,  
STILL LOVED, STILL MISSED, AND VERY DEAR.**



# INSPIRASIE



Elkeen wat jy ontmoet  
speel 'n rol in jou lewe...  
Sommige toets jou,  
Sommige misbruik jou,  
Sommige veroorsaak seer,  
terwyl jy weer by ander leer.  
Op party se skouer kan jy huil  
en met ander kan jy  
stories ruil.  
Maar die wat die  
belangrikste is,  
die wat die beste  
in jou uitbring.  
Die wat weet jy is nie perfek  
nie, maar dat jou  
intensies opreg is.  
Die wat weet jou hart is sag,  
die wat jou kan maak lag.  
Dit Hulle is skaars.  
Koester hulle.



## Sy is tevrede

Dit maak nie saak wat mense van  
haar dink nie.  
Sy steur haar ook nie juis aan  
wat hulle agter haar rug sê nie  
want sy weet  
dat hul nooit die moed sal hê  
om dit voor haar te sê nie.  
Haar hoofdoel was nooit  
"small talk" nie.  
Sy het beter dinge om haarself  
mee besig te hou  
soos byvoorbeeld om 'n beter  
mens te word.  
Sy gee nie om of iemand  
in haar glo of nie.  
Sy glo in haarself.  
Sy verstaan dat party vriende  
net dag reisigers is,  
ander net 'n seisoen bly  
en dat 'n handvol  
haar langpad mense is.



# WOORDSOEK

D P O T L O O D S E D E R Z C  
R O O I V U U R D O R I N G U  
S L R S I S B L O M P T U L P  
T K R A A K S T E W E L V S S  
I R D Q P K A N K E R R O O S  
N T R L X P G R A N A D I N A  
K V B O E T E B O S S I E L W  
B W W R O C J L Q J P Z H Q S  
O W W I L D E K O F F I E V T  
O B L O U D I S S E L Z I G E  
M O T V A N G E R W C U E I E  
S A T A N S B O S V F Y Y F L  
L A N T A N A S S I S A L B E  
P E P E R B O S G M H S Q O I  
B O E R E T U R K S V Y W L K

bloudissel

boereturksvy

boetebossie

dorappel

gifbol

peperbos

potloodseder

rooivuurddoring

satansbos

sisal

sisblom

steeleik

stinkboom

tulp

wildekoffie

gifui

granadina

kankerroos

kraakstewel

lantana

motvanger



# SUDOKU

			4			3		
3		7	9				8	5
					1	2		
				7		4	1	9
7								
	5				9			
1					3	7	5	2
		5						
		8	1		4			



# COLOURING / KLEUR IN



©THEBESTIDEASFORKIDS.COM



## WORD ART

A Little Poem For Seniors, so true it hurts!

Another year has passed And we're all a little older.  
Last summer felt hotter And winter seems much colder.  
There was a time not long ago When life was quite a blast.  
Now I fully understand About 'Living in the Past'  
We used to go to weddings, Football games and lunches..  
Now we go to funeral homes And after-funeral brunches.  
We used to go out dining, And couldn't get our fill.  
Now we ask for doggie bags, Come home and take a pill.  
We used to often travel To places near and far.  
Now we get sore asses From riding in the car.  
We used to go to nightclubs And drink a little booze.  
Now we stay home at night And watch the evening news.  
That, my friend is how life is, And now my tale is told.

So, enjoy each day and live it up...

**Incredible**

Before you're too damned old!



# BLOKRAAI

Wurmpie vir visvang	↕		Onderwerp	↕	SA staatshoof 1948-1954	↕	'n Komplot saam bedink	Kepe met lemme gemaak	↕
Hallo!		Van rieme voorsien	VI						
↙		↓	↓		Griekse term vir konflik	→	↓		
1852m ter see	→							'n Plek verlaat	
Stoomskip									
↕	Verenigde State van Amerika	→			Amptelike dokument	→		↓	
	Hael				Oorwinnings				
↙	↓		Alvorens	Hare op die bolip	↕				Sonder enige inhoud
Aansigte			↓			No. 9 van troefkaarte	→		↓
Hou 'n wond toe	→								
Weier so	→			Skryf saam met dwase op mure en glase	→				
Borrie se maat									
↙						Water-slang		Die perfekte!	
						↓		↓	
Dokters		Groot byeenkoms-lokaal		Met 'n kalm gemoed	→				
↙		↓	Betaal aan die toonder	Die Leeu	↓				
					Prok. orde van SA (Eng.)		'n Gedagte		Sag of swart soos die pad
Hemel-liggaam om 'n planeet	→		↓		↓		↓		↓
Hongaarse edelman, Kossuth	→					7 per week	→		
↙				Hoe meer van hulle, hoe meer vreugde	→				
Bondels gras		Kontant by aflewering	→			Huldig	→		



# WOORDKUNS

## windstilte

in hierdie windstilte  
tussen kersfees en nuwejaar  
het ek teruggekeer soos lasarus  
uit die donker van sy graf  
om my by vriende en familie  
weer rinkelend te skaar.

in hierdie somber, soepel tyd  
lees en glo ek wyd en syd  
oorvreet ek my aan wysheid  
en al die beatle-songs  
wat ek onthou  
van 1960 tot vanjaar.

ek is nou klaar.  
my hergeboorte word nou seremonieloos voltrek.  
mag die here ons nog spaar  
in hierdie windstilte  
van hier na daar,

hierdie tydlose, naamlose  
ongekaarte plek  
hierdie leë kol op die almanak  
waar niks gebeur nie –  
slegs die son  
wat elke aand  
oor glase en braai-kole sak  
om elke nag  
'n nuwe droom van rus en lus te baar.

hierdie windstilte  
is die niks op my kalender  
die einde van desember  
die windstilte  
voor die woes en wild en waarheid  
van 'n splinternuwe jaar.




# KOM ONS LAG

Mense wat  
kwaai kan dans  
het baie met 'n belt  
pak gekry,  
daai moves kom van  
keer en beweeg!

## OUDERDOM

*is net 'n nommer...*

*Jy is so jonk soos wat jy voel!*



Jannie het geleer dat Eva uit Adam se rib geskep is. 'n Paar dae later kry sy ma hom waar hy op die bed lê en sy sy vashou.

"Wat makeer?" wou sy weet. "Ek het 'n baie erge pyn in my sy. Ek dink ek gaan 'n vrou kry."

22:27



# LET'S HAVE A LAUGH



People who speak English, should understand that Afrikaans people's English is like airtime. Sometimes it just runs out



Starting tomorrow whatever life throws at me i'm ducking so it hits someone else!



# OPLOSSINGS/SOLUTIONS

## WOORDSOEK

D	P	O	T	L	O	O	D	S	E	D	E	R	Z	C
R	O	O	I	V	U	U	R	D	O	R	I	N	G	U
S	L	R	S	I	S	B	L	O	M	P	T	U	L	P
T	K	R	A	A	K	S	T	E	W	E	L	V	S	S
I	R	D	Q	P	K	A	N	K	E	R	R	O	O	S
N	T	R	L	X	P	G	R	A	N	A	D	I	N	A
K	V	B	O	E	T	E	B	O	S	S	I	E	L	W
B	W	W	R	O	C	J	L	Q	J	P	Z	H	Q	S
O	W	W	I	L	D	E	K	O	F	F	I	E	V	T
O	B	L	O	U	D	I	S	S	E	L	Z	I	G	E
M	O	T	V	A	N	G	E	R	W	C	U	E	I	E
S	A	T	A	N	S	B	O	S	V	F	Y	Y	F	L
L	A	N	T	A	N	A	S	S	I	S	A	L	B	E
P	E	P	E	R	B	O	S	G	M	H	S	Q	O	I
B	O	E	R	E	T	U	R	K	S	V	Y	W	L	K

## SODUKO

9	2	1	4	8	5	3	6	7
3	4	7	9	2	6	1	8	5
5	8	6	7	3	1	2	9	4
8	6	3	5	7	2	4	1	9
7	1	9	6	4	8	5	2	3
4	5	2	3	1	9	6	7	8
1	9	4	8	6	3	7	5	2
6	3	5	2	9	7	8	4	1
2	7	8	1	5	4	9	3	6

## BLOKRAAI

Wurmpie vir visvang	A	Van rieme voorsien	Onderwerp Vi	T	SA staatsheer 1948-1954	M	'n Komplot saam bedink	Kepe met lemme gemaak	S	
Hallot	D	D	A	G	S	E	A	G	O	N
1852m ter see	S	S	E	E	M	Y	L	E	'n Plek verlaat	Y
Stoomskip	S	Verenigde State van Amerika	Hael	V	S	A	A	K	T	E
S	S	Y	E	Alvorens	Hare op die bolip	S	N	O	R	Sonder enige inhoud
Aansigte	S	T	E	K	E	N	E	L	No. 9 van troefkaarte	
Hou 'n wond toe	N	E	E	G	E	K	K	E	Skrif saam met dwase op mure en glase	
Weier so	K	E	R	R	I	E	W	E	Water-slang	Die perfekte!
Borrie se maat	E	Groot byeen-koms-lokaal	S	S	A	L	I	G	Met 'n kalm gemoed Die Leeu	
Dokters	D	R	S	L	A	A	D	Sag of swart soos die pad	Prok. orde van SA (Eng.)	'n Gedagte
Hemelligsaam om 'n planeet	S	A	T	E	L	L	I	E	T	
Hongaarse edelman, Kossuth	L	A	J	O	S	D	A	E	7 per week	
B	A	L	E	S	I	E	L	E	Hoe meer van hulle, hoe meer vreugde	
Bondels gras	E	K	B	A	Huldig	E	E	R		

## WORD SEARCH

L	I	P	E	A	R	L	A	E	I	A	I	T	D
A	I	E	A	K	P	E	R	I	D	O	T	D	D
R	Q	D	A	R	U	A	Z	U	R	I	T	E	I
U	I	U	L	T	A	N	J	K	A	A	U	S	A
I	Z	N	A	A	A	R	Z	A	G	R	R	A	M
C	R	O	Z	M	R	N	R	I	D	A	T	P	O
I	T	I	T	D	A	E	Z	E	T	E	R	P	N
T	P	O	O	L	Y	R	M	A	I	E	A	H	D
R	R	R	P	D	A	G	I	E	N	J	P	I	Z
I	P	M	P	A	M	A	D	N	K	I	I	R	T
N	L	R	L	L	Z	R	I	E	E	R	T	E	A
E	O	N	Y	X	R	N	E	E	I	O	U	E	E
U	L	A	P	O	R	E	P	S	A	J	L	B	N
A	L	T	S	Y	H	T	E	M	A	X	D	I	Y



# **RESIDENTS/INWONERS**

**WE ARE WAITING FOR YOUR CONTRIBUTIONS!!**

**ONS WAG VIR U BYDRAES!!**

**PLEASE SEND YOUR CONTRIBUTIONS TO THE OFFICE. INCLUDE A PICTURE IF YOU CAN! WE ARE NOT ALLOWED TO PUBLISH MAGAZINE ARTICLES. WE WILL KEEP YOUR CONTRIBUTION AND IT WILL BE USED IN FUTURE PUBLICATIONS!**

**STUUR ASSEBLIEF ENIGE BYDRAES NA DIE KANTOOR. SLUIT GERUS 'N FOTO IN INDIEN MOONTLIK. ONS MAG ONGELUKKIG GEEN TYDSKRIF ARTIKELS PUBLISEER NIE. ONS SAL ALLE BYDRAES HOU EN IN TOEKOMSTIGE PUBLIKASIES GEBRUIK!**

**ALL ADVERTISERS:**

**ALLE ADVERTEERDERS:**

**FOR ADVERTISING SPACE**

**VIR ADVERTENSIE SPASIE**

**CONTACT/KONTAK ANCOLET BOONZAAIER**

**021 948 1844 / [ancolet@starckhomes.co.za](mailto:ancolet@starckhomes.co.za)**





**THE GEORGE AND ANNIE  
STARCK HOMES  
(021) 948 1844  
GASH@STARCKHOMES.CO.ZA  
WWW.STARCKHOMES.CO.ZA**